5 Glenwoodweg/Road
Lynnwood Glen
0081 Pretoria
Suid-Afrika/South Africa

Posbus/PO Box 72981
Lynnwoodrif/Ridge 0040
Pretoria, Suid-Afrika/South Africa

Tel: +27 12 472 9514
Faks/Fax: +27 86 759 4189
E-pos/E-mail: seedcert@sansor.co.za
Webblad/Website: www.sansor.org

SUID-AFRIKAANSE NASIONALE SAADORGANISASIE

SOUTH AFRICAN NATIONAL SEED ORGANIZATION
NPC Reg No 1989/003392/08

Verw: 18/3/C
13 November 2014

OMSENDSKRYWE AAN ALLE BELANGHEBBENDES EN LEDE BETROKKE BY SAADSERTIFISERING

BESTELLING VAN SEËLS, ETIKETTE, BOEKE & LINNESAKKIES

Hiermee saam vind asseblief 'n Opgawevorm vir die bestelling van seëls, etikette, boeke en linnesakkies wat gebruik word vir saadsertifiseringsdoeleindes, vir u dringende aandag. Bestellings vir die tydperk **2015-03-01 tot 2016-02-29** moet nou geplaas word.

Daar moet daarop gelet word dat bestellings vir etikette en seëls slegs een keer per jaar (in November) geneem word en dan gedurende Maart die daaropvolgende jaar gelewer word. Daar moet dus verseker word dat u, na aflewering van hierdie bestelling, oor voldoende voorraad sal beskik om aan u behoeftes te voldoen tot en met Maart 2016. Enige bestellings wat na 30 November 2014 geplaas word sal afhanklik wees van die beskikbaarheid van noodvoorraad wat by SANSOR gehou word, of andersins onderhewig wees aan die beskikbaarheid van materiaal by die vervaardigers. Nie alleen kan pryse dan baie duurder wees nie, maar 'n tekort aan ingevoerde materiaal kan daartoe lei dat die etikette glad nie vervaardig kan word nie. Voorrade wat gedurende die jaar deur firmas aangevul word, kan gevolglik tot dubbel die aangeduide pryse beloop.

U word weereens daarop gewys dat SANSOR se nood-voorraad tot die minimum beperk word, en slegs in noodgevalle gebruik kan word. Versending van nood-voorraad geskied slegs per SANSOR koerier, maar vir die rekening van die ontvanger.

N.B. die opgawevorm moet SANSOR bereik voor Sondag, 30 November 2014.

Groete

E Goldschagg
TEGNIESE BESTUURDER
SANSOR

DIREKTEURE / DIRECTORS
GF Heyns (Voorsitter/Chairman), SL Allen, JK Coetzer, D Durandt, WT Engelbrecht, TN Kotzé

Full member of the International Seed Federation